

Voorbeeld van 'n eksamenvraestel

VRAESTEL 2: Begripstoets, taal en letterkunde

Afrikaans Huistaal Graad 8

Tyd: 1 uur

Totaal: 40 punte

Afdeling A: Leesbegrip (15 punte)

Vraag 1

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.


'n Kunsbeen vir Fred

1. Fred die krimpvarkie het altyd sy beste voetjie voorgesit – totdat hy vyf meter ver geval en sy een been erg beseer het.
2. “Die been wou nie herstel nie,” vertel sy eienaar, Felicity Cross van Pothowan in Cornwallis. “Uiteindelik moes 'n veearts dit afsit.
3. “Toe iemand voorstel ek moet hom hospitaal toe neem om te sien of hulle nie iets vir hom kan doen nie, het ek dadelik gegaan, want ek het gedink hy is dit werd.”
4. Carolyn Meikle, 'n arbeidsterapeut, het die kreupel diertjie so jammer gekry dat sy dadelik vir hom 'n kunsbeentjie ontwerp het.
5. Carolyn, wat by 'n hospitaal werk, het die been aan 'n harnas vasgesit. Die harnassie gespe om sy lyf vas. Nou kan Fred weer soos enige ordentlike krimpvarkie viervoetig sy gang gaan.

Uit *Huisgenoot*, 22 Januarie 1997. 221

VRAE

- 1.1 *Fred die krimpvarkie het altyd sy beste voetjie voorgesit* (paragraaf 1). Watter dubbele betekenis lê opgesluit in hierdie woorde? (2)
- 1.2 Watter enkele woord uit paragraaf 2 dui daarop dat hulle lank probeer het om die krimpvarkie se been te red? (1)
- 1.3 Waardeur word die arbeidsterapeut se meegevoel met die krimpvarkie uitgebeeld? (1)
- 1.4 Hoe sou jy hierdie teks beskryf? Kies een van die volgende en skryf slegs die nommer neer: (1)
 - 1.4.1 Informatief
 - 1.4.2 Verhalend
 - 1.4.3 Wetenskaplik
- 1.5 Verduidelik hoe die titel van die leesstuk by die inhoud aansluit. (1)
- 1.6 Watter beroep beoefen Carolyn Meikle? Watter leestegniek het jy gebruik om die antwoord te vind? (2)



1.7 Bestudeer die bostaande spotprent.

1.7.1 Wie is die *hy* waarvan die ouers praat? (1)

1.7.2 Wat word deur die spotprent te kenne gegee? (2)

1.7.3 Hoe sluit die visuele uitbeelding van die seun aan by sy woorde in die praatborrel? (2)

[5]



Dis nog niks - my pa is op die televisie!

1.8 Die seuntjie spog by sy maat oor sy pa. Watter dubbele betekenis kan aan sy woorde gekoppel word? (2)

[2]

Totaal Afdeling A: 15 punte

Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 2

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

Paddas wat vlieg en blom wat lieg

Talle nuwe spesies bedreig – natuurfonds

1. Katmandoe. – 'n “Vlieënde” padda, die kleinste bokkie ter wêreld en die eerste nuwe aapsesie wat in meer as 'n eeu ontdek is, is onder die sowat 350 nuwe dier- en plantspesies wat die afgelope dekade in die ooste van die Himalaja-bergreeks raakgeloop is.
2. Die Wêreldnatuurfonds (WWF) het vandeeweek gesê baie van dié unieke spesies se habitate, in onder meer Nepal, China, Indië, Bhoetan en Mianmar, is onder toenemende druk van nie-volhoubare ontwikkeling.
3. 'n Verslag wat vandeeweek bekend gestel is, sê klimaatveranderinge, ontbossing, oorbeweiding, stropery en die onwettige handel in diere bedreig talle spesies in een van die biologies rykste streke ter wêreld.
4. 163 van die 353 nuwe spesies wat van 1998 tot 2008 hier ontdek is, word tans wêreldwyd as bedreig beskou.
5. Onder die nuwe spesies tel 'n heldergroen “vlieënde” padda, wat grond toe kan sweef danksy sy breë, gewebde rooi paddavoete.
6. Nog 'n nuwe spesie is 'n ledemaatlose amfibiese dier, wat soos 'n reuse-erdwurm lyk en ondergronds leef.
7. Dan is daar die miniatuur-muntjak-bok, die kleinste bokspesie ter wêreld. Die bokkie is net tussen 60 cm en 80 cm hoog,
8. Onder die 242 plantspesies is 'n blou blom wat deur Chinese plantkundiges in 'n diep kloof in Tibet ontdek is. Die uiters skaars blom is glo “dramaties in kleur en vorm” en verander sy kleur soos wat die omliggende temperatuur van sy omgewing verander.

Uit *Beeld*, 12 Augustus 2009.

VRAE

- 2.1 Die woord *vlieënde* (paragraaf 1) word met 'n deelteken geskryf. Plaas deelttekens op die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne. Skryf slegs die woord neer en verbeter ten opsigte van deeltekengebruik indien nodig: (2)
 - 2.1.1 Dit is nie finansieel die moeite werd om die vlieënde padda te bewaar nie.
 - 2.1.2 Die muntjak-bok kom in afgelee gebiede voor.
- 2.2 Die woord *kleinste* (paragraaf 1) is die oortreffende trap van die woord *klein*. Skryf nou die vergrotende trap van die woord *droog* neer. (1)
- 2.3 Skryf 'n voorbeeld van 'n rangtelwoord uit paragraaf 1 neer en sê of dit 'n bepaalde of onbepaalde telwoord is. (2)
- 2.4 Die woorde *eeu* en *dekade* kom in paragraaf 1 voor. Hoe 'n lang tydperk is: (1)
 - 2.4.1 'n eeu
 - 2.4.2 'n dekade
- 2.5 Gee die rede vir die gebruik van die koppelteken in die volgende woorde: (1)
 - 2.5.1 dier- en plantspesies (paragraaf 1)

2.5.2 Himalaja-bergreeks (paragraaf 1)

2.6 *WWF* is die erkende afkorting vir *Wêreldnatuurfonds* (paragraaf 2). Skryf erkende afkortings neer vir die volgende woorde: (2)

2.6.1 Donderdag

2.6.2 televisie

2.7 Wat noem ons die bewoners van die land China? (1)

2.8 In paragraaf 2 word die woord *dié* beklemtoon deur 'n akuutaksentteken daarop te plaas. Plaas aksenttekens op die vetgedrukte woord in onderstaande sin:

Die vlieënde groen padder is besonder mooi. (1)

2.9 Skryf die meervoud neer van die volgende twee woorde: padder, brug. (2)

2.10 Die woord *wêreldwyd* (paragraaf 4) is 'n intensiewe vorm. Skryf die intensiewe vorm van die woord *nuwe* (paragraaf 6) neer. (1)

2.11 *Hulle het die kleinste bokkie ter wêreld, die Muntjak-bok, in die woude van Tibet ontdek.* Skryf hierdie sin oor in die lydende vorm. (1)

Totaal Afdeling B: 15 punte

Afdeling C: Kritiese reaksie op literêre tekste

Vraag 3

Lees die onderstaande drama en beantwoord die vrae daarvoor gestel:

Demeter en Persephone

Toneel 1 (Kinderkamer in koning Celeus se paleis. 'n Vuur brand in 'n vuurherd en 'n ou vrou met armoedige klere aan en 'n doek om die kop staan voor die vuur met 'n baba in haar hande. 'n Lamp brand dof teen die een muur. Die vlamme van die vuurherd verlig die ou vrou dofweg. Sagte musiek.)

1. Die vrou: Dit is nou al byna ses maande dat my geliefde dogter, Persephone, weg is. Sommer net verdwyn het. Sy het daardie dag soos so baie kere tevore in die veld geloop. Sy was altyd so lief vir plante en blomme. As ek haar nie gou terugvind nie, sal alle plante en blomme vir goed verdroog ...

Hoe het ek nie al rondgeswerf nie? Geeneen weet eers wie ek is nie ... en tog kan ek haar nie vind nie! As sy nie uitkom nie, sal ek maar vir my 'n mensekind moet vind. 'n Mensekind wat ek onsterflik kan maak. Miskien kan ek daarmee 'n bietjie troos vind ... (Sy kyk na die baba in haar arms.)

Hierdie enetjie is miskien die regte een. Hy is koninklik, sy vader Celeus is 'n edel mens. Kyk net hoe het hy hom oor my ontferm en werk gegee, al dink hy ek is 'n ou rondlopervrou!

Ek moet sommer nou dadelik daarmee begin. (Sy beweeg nader aan die vuurherd en buk met die baba oor die vlamme. Onmiddellik is dit of die vlamme helderder brand.)

Toe maar my kleintjie, dit sal nie seer wees nie. (Sy steek haar hande uit en plaas die baba op die gloeiende kole. Die koningin kom die vertrek binne met babakleertjies en 'n bottel melk.)
2. Koningin: Wat op aarde gaan hier aan? Is jy gek, jou ou heks?

(Sy gil die woorde uit en is na aan hysteries. Sy staan vir 'n oomblik te verbysterd om te reageer en hardloop dan vorentoe, gryp die kind van die vuur af en druk dit styf teen haar bors vas. Koning Celeus storm die vertrek binne na sy vrou se krete, stamp die ou vrou eenkant toe dat sy struikel en val en sit sy arms beskermend om sy vrou en baba.)
3. Koning Celeus: Wat het sy gedoen, my koningin? Ek laat haar onmiddellik in die donker kerker gooi! Het jy al ooit so van ondankbaarheid gesien? (Snikkend staan die koningin met haar baba teen haar man aangedruk.)
4. Ou vrou: (Baie kalm en rustig.) Voordat jy my in die kerker laat opsluit, edele Celeus, kyk eers of daar enige brandmerke aan julle kind is.

(Met groeiende verwondering ondersoek die ouerpaar hulle kind.)
5. Koningin: Ja, waarlik, daar is geen merkie van brand of as aan hom nie.
6. Koning Celeus: Hy blink eintlik so tevrede en skoon lyk hy.
7. Koningin: Hoe verklaar jy dit dan ou vrou? (Sy klink steeds kwaad en ontsteld.)
8. Ou vrou: Julle verplig my nou om te sê wie ek werklik is. Bedek julle oë! (Haar stem klink hard en gebiedend. Sy trek haar verslonsde kleed uit en onmiddellik straal daar 'n verblindende lig uit haar uit. In plaas van die

armoedige ou vrou staan 'n godin in al haar prag voor hulle.)

9. Ou vrou: Ek is Demeter, godin van die vrugbaarheid en landbou. Kyk hoe ellendig gaan dit met die natuur daar buite. Dit is omdat ek so treur oor my geliefde dogter, Persephone. Ek wou julle kind nie leed aandoen nie. Ek wou, deur hom in die vuur te louter, onsterflikheid gee!
- (Die koning en koningin buig diep voor haar en strek die kindjie na haar uit.)*
10. Koning Celeus: Vergewe ons, magtige godin, neem die kindjie en maak met hom wat u wil en bly by ons so lank dit u behaag.

Gordyn

Toneel 2 *(Die godin, Demeter, sit op 'n troon, met 'n mandjie viooltjies en koringare by haar. In haar hand het sy 'n staf waarom 'n slang kronkel terwyl 'n klein dwergvrou om haar dans en rondhuppel.)*

11. Jambe: *(Sy sing dit op vrolike maat.)*
Kom laat ek u vermaak goeie godin
weldra laat goeie nuus probleme kwyn
en u van nuuts af aan weer voor begin
sodat die droogtes en rampe verdwyn.
12. Demeter: Liewe Jambe, jy probeer so hard om my op te beur. En as daar ooit iemand is wat dit kan doen, is dit jy. Jy dartel altyd rond op ligte maat. Jy is soos 'n gediggie waaruit die klanke vrolik uitborrel: tog is die vrolikheid maar van korte duur.
- ('n Gloed verskyn en word helderder totdat dit verblindend by een van die vensters inskyn.)*
13. Apollo: Liewe Demeter, ek is Apollo, die songod, en miskien stel jy belang in dit wat ek byna ses maande gelede gesien het?
14. Demeter: Vertel tog asseblief, broer Apollo. Ek sterf van verlange. Julle weet nie hoe groot my smart is nie.
15. Apollo: Wel, jou dogter Persephone het in die veld geloop en blomme pluk soos altyd. Maar toe sy 'n sekere blom wou pluk, het sy die hele plant uitgetrek. Onmiddellik het 'n groot gat in die aarde ontstaan waaruit 'n koets te voorskyn gekom het. Persephone is diep in die aarde in ontvoer.
16. Demeter: Ag genade tog, dan is dit Pluto, die god van die doderyk, Hades, wat haar ontvoer het! Ek sal my op ons alvader, Zeus, beroep! O Zeus, geliefde en magtige vader, beveel tog vir Pluto om my dogter vry te laat anders sterf ek van smart en saam met my die hele aarde. Hy het haar ontvoer en ek wonder of sy nog leef?
17. Zeus: *(Sy stem klink soos donderweer.)* Pluto, ek beveel jou om Persephone onmiddellik na die lewende wêreld terug te bring! Ons wag vir jou!
- ('n Gerammel weerklink en dan verskyn 'n koets. Dit is egter slegs deur die gordyn sigbaar. Beligting en byklanke kan dit baie realisties maak. Persephone verskyn uit die koets, sien haar moeder en hardloop na haar toe.)*
18. Persephone: *(Met 'n treurige stem)* O, moeder, ek is nou terug, maar ...

19. Demeter: (*Ontsteld*) Maar wat, my kind?
20. Persephone: In Hades het ek honger geword en ses granaatpitte geëet ... en nou sal ek vir ses maande elke jaar in Hades moet gaan deurbring.
21. Demeter: (*Met 'n klaende gejammer*) Dit beteken dat daar vir elke jaar net ses maande van vreugde gaan wees as jy by my is: Somer, en ses maande van smart as jy in Hades is: Winter!

VRAE

- 3.1 Hoe word die gehoor reg aan die begin van die drama ingelig waarom die ou vrou dink? (1)
- 3.2 Skryf die twee ruimtes wat in hierdie drama uitgebeeld word neer. (2)
- 3.3 Verduidelik waarom dit verkieslik is dat daar nie te veel ruimte-veranderinge in 'n verhoogdrama moet plaasvind nie. (1)
- 3.4 Reg aan die begin van die drama is daar reeds spanning teenwoordig. Skryf dit neer en verduidelik. (2)
- 3.5 Skryf twee tegnieke neer wat die dramaturg gebruik het om spanning in die drama te bewerkstellig. Skryf telkens 'n voorbeeld uit die drama neer. (2)
- 3.6 Lees die neweteks by spreekbeurt 3. Waarom was die koningin histories en het sy hardop gegil? (1)
- 3.7 Bestudeer spreekbeurt 3. Waarom beskuldig die koning die ou vrou van ondankbaarheid? (1)
- 3.8 Bestudeer spreekbeurt 4. Waarom was die ou vrou nie ontsteld omdat die koning haar in die kerker wou gooi nie? (1)
- 3.9 Die ou vrou het haarself vermom as 'n rondlopervrou. Wie is sy in werklikheid en waarom het sy haar vermom? (2)
- 3.10 Wie het vir Demeter vertel waar haar dogter moontlik kan wees? (1)
- 3.11 Waarom was dit so belangrik dat sy haar dogter moes vind? (1)
- 3.12 Verduidelik in jou eie woorde hoe dit gebeur het dat Persephone verdwyn het. (1)
- 3.13 Verduidelik waarom die terugkeer van Persephone met groot blydskap, maar tog ook met hartseer gepaard gaan. (2)
- 3.14 Watter natuurverskynsel word deur hierdie mite verklaar? (1)
- 3.15 Skryf 'n gepaste titel vir die drama neer. (1)

[20 punte gedeel deur 2]

Totaal Afdeling C: 10 punte

Groottotaal: 40 punte

VRAESTEL 3: Skryf en aanbied

Afrikaans Huistaal Graad 8

Vraestel 3: Skriftelik

Tyd: 1 uur

Totaal: 30 punte

Vraag 1: Beskrywende of verhalende opstel

Kies een van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n opstel van 250 tot 300 woorde daaroor. Hierdie opdrag tel 20 punte.

Onthou om prosesskryf toe te pas: beplan, skryf konsep, redigeer en proeflees, herskryf en bied aan.

Skryf die onderwerp wat jy gekies het, duidelik bo aan jou skryfstuk.

Onderwerpe

1. Vertel van 'n dag in jou lewe wat jy altyd sal onthou.
2. Soms gebeur snaakse dinge met 'n mens. Vertel van die keer toe jy in 'n groot verleentheid was en almal vir jou gelag het.
3. Oos, wes, tuis, bes.
4. Almal van ons gaan hou soms vakansie, maar dit is nie vir almal van ons beskore om die Griekse eilande te besoek óf om op 'n wild-safari diep in Afrika te gaan nie. Vertel van jou droomvakansie.
5. 'n Vriend wat naby is, is meer werd as 'n broer wat ver is. Vertel wat vriendskap vir jou beteken.
6. Vir twaalf jaar gaan jy op die skoolbanke sit. Iewers in jou skoolloopbaan moes daar al 'n onderwyser gewees het wat 'n onuitwisbare indruk op jou gemaak het. Vertel van so 'n onderwyser.

Totaal: 20 punte

Vraag 2: Transaksionele skryfstuk: Dagboekinskrywing

Skryf 'n dagboekinskrywing oor een van die volgende onderwerpe:

1. Jy het 'n droommotor in 'n kompetisie gewen. Skryf jou blydskap en dankbaarheid neer.
2. 'n Grusame ongeluk het reg voor jou oë gebeur. Dit was vir jou 'n traumatiese gebeurtenis wat jy moeilik verwerk. Skryf jou gevoelens oor hierdie nagmerrie-gebeurtenis neer.
3. Jy het die pad gevat op 'n motorfiets. Met die wind deur jou hare en die reën op jou gesig, het jy deur pragtige klowe gery. Beskryf hierdie wonderlike ervaring.
4. Jy het op jou fiets die berge ingevaar en het diep in die bos gaan uitkamp. Nadat jy kamp opgeslaan het, het jy jou dagboek nadergetrek en die dag se gebeure neergeskryf.

Totaal: 10 punte

Groottotaal: 30 punte